

STOETRAM

KORRELS



Voer vir groei en ontwikkeling van ramme

- Aanvulling vir die uitgroei en afronding van ramme.
- Bevat medikamente vir die voorkoming van nier- en blaasstene.
- Effektief waar die weidings nie meer aan die voedingsvereistes voldoen nie.
- Geskik vir ramme in swak kondisie voor paring asook afronding van skoudiere.
- Kwaliteit grondstowwe word gebruik om verhoogde inname en maksimum prestasie te verseker.

GEBRUIKSAANWYSINGS

1. Beskerm hierdie veevoer teen reën. NPN (Bv. Ureum) is oplosbaar en diere wat so 'n oplossing drink kan vergiftig word.
2. Moet nie hierdie veevoer onoordeelkundig saam met ander NPN-bevattende veevoere voer nie. Raadpleeg 'n AFGRI Veevoere Tegnieuse Adviseur vir die nodige aanbevelings.
3. Asyn is 'n doeltreffende middel teen NPN-vergiftiging. Behandeling: Meng met gelyke hoeveelhede water en doseer 'n halwe bottel per kalf of groot skaap en 2 tot 4 bottels per bees (1 bottel = 750ml).
4. Riglyne vir inname: Inname sal bepaal word deur die ouderdom, kondisie en verlangde groeitempo van die dier asook kwaliteit en kwantiteit van beskikbare weiding.

SAMESTELLING

Nutriënt	g/kg
Ruproteïen (min.)	145
Ekwivalente Ruproteïen vanaf NPN (maks.)	15.55 %
Ureum (maks.)	5
Vog (maks.)	120
Ru-vet (min.)	25
Ru-vet (maks.)	70
Ruvesel (min.)	110
Ruvesel (maks.)	120
Kalsium (min.)	3.5
Kalsium (maks.)	5
Fosfor (min.)	2.5
Ca:P Verhouding	1.4-2.0:1
Magnesium (min.)	2.3
Sulfaat (min.)	2.3
Kalium (min.)	9.5
Yster (min.)	57 mg/kg
Koper (min.)	13 mg/kg
Mangaan (min.)	35 mg/kg
Sink (min.)	50 mg/kg
Kobalt (min.)	0.23 mg/kg
Jodium (min.)	0.28 mg/kg
Selenium (min.)	0.18 mg/kg

VOER AANBEVELINGS

- Pas ramme aan op die voer oor tydperk van 10 dae.
- Hou bakke vol om gulsige vreet deur honger diere te voorkom.
- 'n Gereelde daaglikse inname kan rumen verteringsteurnisse help voorkom.
- Vars skoon drinkwater moet ten alle tye beskikbaar wees vir die diere.
- Diere moet ten alle tye toegang hê tot skoon vars water.

Vorm: Korrels

Verpakking: 40 kg Sakke

AANBEVOLE INNAME

Aanpassingsperiode van 10 dae is uiters belangrik

Dag 1-3	Voer pille teen 1.5% van liggaamsmassa per dag plus goeie kwaliteit ruvoer <i>ad lib</i>
Dag 4-6	Voer pille teen 2.25% van liggaamsmassa per dag plus goeie kwaliteit ruvoer <i>ad lib</i>
Dag 7-10	Voer pille teen 3.0% van liggaamsmassa per dag plus goeie kwaliteit ruvoer <i>ad lib</i>

Na aanpassing voer Stoetram korrels *ad lib*. As die diere goed aangepas het, is geen addisionele ruvoer nodig na die aanpassingsfase nie.

WAARSKUWING

Hierdie veevoer bevat 'n NPN bron en geregistreerde medikamente. Voer streng volgens voorskrifte. Vir medikament besonderhede sien bykomende sak etikette.

12 Byls Bridge Boulevard
Highveld Ext 73
Centurion

Tel: +27 11 063 2347
afgranimalfeeds.co.za

Klas: Volledige Skaap Voer
Reg. nr.: V18221 – Wet 36/1947
AFGRI Produktkode: R1177P


AFGRI
ANIMAL FEEDS